# Onderwys vir diversiteit 720 (EDI 720)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Dubbelmedium |
| **Akademiese organisasie** | Geesteswetenskaplike Opvoedkun |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

‘n Toekomsblik op onderwys vir ‘n multikulturele gemeenskapstrewe na gelyke geleenthede om te leer, grootliks teweeggebring deur die samevoeging van drie praktyke: heterogene groepering, hoë interaktiewe onderrig wat ‘n groot verskeidenheid van leerstyle akkommodeer en inklusiewe kurrikula. ‘n Konstruktivistiese begrip van onderwys waarbinne leerders aktief besig is met betekenisgewing dra hierdie visie van samewerking in die onderwys. Vanuit ‘n multikulturele perspektief behoort alle leerders onderwys te ontvang wat deurentyd hulle verskeidenheid beklemtoon; wat die geskiedenis en kultuur van alle rasse groepe omvat en mense opvoed om beheer van hulle lewens oor te neem.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.